Munniklaan 21
Sterpark
POLOKWANE
0699

Postnetsuite 001
P/S X9676
Hampton Court
POLOKWANE
0700

TEL: 015 296-0940

FAKS NO: 086 543 0378

Dinsdag, 22 April 2019
Nuusbrief no 8 / 2019

Goeie more liewe Osieteddie-ouers,

1. Die sukses van ‘n kleuterskoolfunksie hang af van die samewerking tussen die ouers, die personeel en die gemeenskap. ‘n Reuse dankie vir almal se bydraes tot ons suksesvolle atletiekbyeenkoms:
   - ♥ Klasmammas: vir al julle reelings en bontstaan
   - ♥ Borge van die hempies: ons kleuters het spoggerig gelyk
   - ♥ Ouerhuise: vir kontantdonasies / skenkings om die kosstalletjies te bedryf, en dat julle bereid was om ons hande sterk te maak.
   - ♥ Pappas: braaiwerk, aandra-werk, rondry-werk en en en
   - ♥ Lea Basson vir die flinke diens by die fotohoekie
   - ♥ Carol de Neijs: vir ons mooi hempies
   - ♥ Oosskool: vir die gebruik van die velde en ander fasiliteite
   - ♥ Ons eie personeel: vir julle tyd, geduld & liefde

   Ons is bitter bevoorreg om deel van ‘n wonderlike Osieteddie-familie te wees!
   Met die fondse wat ons ingesamel het, gaan ons ‘n reuse vrieskas en ‘n klankstelsel vir die skool aanskaf. Ek stuur eersdaag fotos van die aankope!

Die tweede kwartaal gaan voort….

Kom maak saam planne – hoe meer siele, hoe meer vreugde.
18:00, in die Speelbeerklas

ASSEBLIEF!
Elke maatjie het 6 leë blikkies nodig om vir mamma ‘n bederfie te maak.

2. **Belangrike datums:**
   - Maandag, 29 April 2019 – OOV vergadering
   - Woensdag, 1 Mei 2019 – Werkersdag (skool gesluit)
   - Woensdag, 8 Mei 2019 – Verkiesingsdag (skool gesluit)
   - Vrydag, 10 Mei 2019 – Inryfliek met ons bokskarre
   - Sondag, 12 Mei 2019 – Moedersdag
   - Vrydag, 17 Mei 2019 – Daantjie Kat instappie
   - Maandag, 20 Mei 2019 – Individuele & klasfotos
3. **Inskrywings vir 2020**

- Nuwe inskrywings: Ons neem kleuters vanaf 2 (wat oor ‘n gevestigde toiletroetine beskik) tot 5 jaar in. Inskrywingsvorms is in die kantoor beskikbaar.

- Her-registrasies van huidige Osiekleuters vind later in die jaar plaas.
- Bere het inskrywingsvorms vir Graad R ontvang. Ek vertrou dat u dit reeds ingehandig het by die Laerskool. Indien daar enige kwellinge is, moet u asseblief nie huiwer om my te skakel nie.

**4. Naskoolmaats**

- Die weer verander nou vinnig. Middagslapies is net lekkerder as ons snoesig onder ‘n kombersie kan inkruip, daarom versoek ons elke mamma om asseblief vir haar kleuter ‘n dun kombersie in te pak. Dik wolkomberse is nie nodig nie.
- Ons wil ‘n ernstige beroep op u as volwassenes doen. Moet asseblief nie u kleuter by die skool – en veral, by die naskool ongesiens afhaal nie. Leer asseblief u kleuter dit is goeie maniere om te groet – en wees ook die voorbeeld daarvan.

**5. Haargoggas**

Maak asseblief seker u kleuter se hare is skoon.
Onthou asseblief dat besmette kleuters nie skool mag bywoon nie.

**6. Ouers se samewerking asseblief –**

Die personeel beleef deurgaans dat die kleuters nie die skool se speelgoed met respek behandel nie.
Daar word rof gespeel met speelgoed, bo-op speelgoed getrap – meestal omdat dit net op die vloer gegooi word, en soms dat speelgoed met opset gebreek word. Ons gaan uit ons pad uit om aangename en leersame speelareas, speelapparate en speelgoed tot ons kleuters se beskikking te stel, maar ons kan nie voorbly met herstel of vervangwerke nie.
Leer asseblief u kleuter hoe om speelgoed met respek e behandel, veral as daar in ‘n groep gespeel word.

**Fokus vir die week**

Op hierdie ouderdom ontwikkel kinders se sosiale vaardighede nog baie. Al is hulle klein, moet hulle leer: “Wat jy gee, is wat jy ontvang.”
“As ek ‘n gawe maatjie is, is ander gaaf met my. As ek kwaai is, gaan ander nie noodwendig met my wil speel nie.”

**Gedagte vir die week**

“Gister is ‘n gekanselleerde tjek, môre is ‘n beloofde noot, vandag is die enigste kontant wat jy het – gebruik dit met wysheid.” - Kay Lyons

Osieteddies-groete

Me. Linda Kruger & personeel

HOOF:  Osieteddies Kleinkindontwikkelingsentrum